MARKUS 9:29 NGK MIEDERPARK 1/8/10
TEMA: GEBED EN GENESING Ds Okkie Cilliers

Dis duidelik dat Jesus ‘n groot klomp warm ondersteuners gehad het wat die Skrifgeleerdes goed op hulle herrie gegee het. Dit was ondersteuners nie omdat hulle soseer gelowiges was nie, maar eerder omdat hulle Jeus gesien het as ‘n towenaar wat goed doen en veral siekes gesond maak. Jesus was hulle held. Toe Hy nie meer toewenaar wou wees nie, was hulle teleurgestel in Hom.
Dis ook duidelik dat ‘n klomp mense Jesus verpes het omdat Hy nie ingepas het by die siteem wat hulle uitgewerk het oor hoe iemand binne die kerk se strukture moet werk nie. En hier het dié Skrifgeleerdes/dominees iets gekry om Hom mee te gryp: ‘n siek kind wat nie gesond geword het toe Jesus se dissipels dit probeer doen het nie. Dat daar ‘n hewige argument aan die gang was oor Jesus, is duidelik.

As Jesus op die toneel kom, vererg Hy hom. Eers vir die dissipels oor hulle kleingeloof en hulle nie wil snap waarmee Hy besig is nie. Dan ook vir die pa wat (tipies pa) gehoop het dat sy kind gesond kan word, maar niks het gebeur nie. As hy vir Jesus vra of Hy dalk “miskien” iets kan doen is die gort behoorlik gaar!

Die groot vraag word dan gevra as alles verby is en almal huistoe gaan: “Hoekom kon Jy dit doen, maar ons kon nie?” Jesus se antwoord is kort en ontboesemend: “Hierdie soort van ding word net deur gebed gedoen.” *As jy bid werk God – as jy nie bid nie werk God nie!* Beteken dit dan dat Jesus se dissipels nie gebid het nie? Nee, want daar is baie ander getuienisse dat hulle mense is wat in gebed geglo het. Wat het Jesus dan gedoen wat anders was as wat die dissipels gedoen het? ‘n Paar dinge staan uit:
1. Jesus se “huiswerk” is gedoen – die bidwerk is lank voor Hy by die kind gekom het, afgehandel. As die pa sy kind vir Jesus gee, gaan Jesus nie aan bidde en smeek die Vader om genesing vir die kind nie. Sy bidwerk was op ander plekke en tye (gewoonlik in die nag en wanneer Hy alleen is) en Hy doen waarvoor Hy reeds gebid het. In ‘n sekere sin kan gesê word dat Jesus Sy spaargeld in die bank gehad het en toe daar ‘n uitbetaling moes kom was Hy reg daarvoor.
2. Jesus het geweet dat gebed bring genesing – **altyd!** Hoekom?
Want om die een of ander rede wat ons nie verstaan nie, bring my woorde wat in die Naam van Jesus is, God in beweging! *Gebed roep God nader en nooi God uit om God te wees* – en God reageer altyd so wanneer Hy geroep word. Woorde in die Naam van Jesus uitgespreek maak God sigbaar, laat God teenwoordig wees en maak God se krag oop. As dit so verstaan word, dan maak dit ook nie saak of die kind gesond geword het en siektes/ellendes verdwyn nie, *maar of Jesus opgedaag het*?!
3. God se teenwoordigheid is genesing! Want genesing is nie die afwesigheid van pyn en probleme nie, maar die teenwoordigheid van God. Gebed is die magtigste wapen wat ons het want my woorde in Sy Naam laat alles klein word voor Jesus wat opdaag.
Elke dag teen 12, sonder uitsondering, het die priester die ou man die kerk sien binnekom. Hy sit 5 min, staan dan op en loop. Later het die prieser hom gaan vra wat hy doen en die ou man het geantwoord: “Ek kom in, gaan sit en sê: ‘Jesus, dis Jim hier.’ Dis al wat ek hoef te sê want Hy weet alles wat ek bedoel.” Eendag het Jim nie meer gekom nie en die priester het gehoor dat Jim ‘n ongeluk gehad het en in die hospitaal is. Die

priester het hom in ‘n vaal saal opgespoor maar gou opgetel dat die verpleegsters sê dat Jim alles ophelder. Een het hom gaan vra hoe hy dit regkry om so positief te bly. Jim het gesê dat dit te danke aan sy besoeker is. Die verpleegster het gesê dat sy nie verstaan nie want hy kry geen besoekers nie! Jim het gelag en gesê: “O ja. Elke dag teen 12uur kom Hy hier in die sal ingestap, kom sit by my bed en dan sê Hy: “Jim, dis Jesus hier.”
4. As ek bid, moet ek my huiswerk klaar doen en sorg dat ek spaargeld in die bank kry.
As jy dit so verstaan en doen, sal jy enigiets wat die lewe na jou kant toe gooi in Jesus se teenwoordigheid hanteer. Dit help nie om gelowig deur die lewe te gaan maar jou gebedslewe is ‘n in-en-uithardloop by die Here nie maar jy maak nie spaargeld bymekaar nie. Baie van Jesus se dissipels is so en as die kind skielik siek word en die lewe word soos ‘n nat kombers wat oor kop val en die asem uit jou mergel, wil hulle bid. Vurig word die Here se Naam dan aangeroep en God word gesmeek vir uitkoms – en as dit doodstil bly en die kind word nie gesond nie wonder hulle bang en verward wat aangaan?! Hulle het nie “spaargeld in die bank” nie.

As genesing verstaan word as die teenwoordigheid van Jesus wat opdaag in die situasie, is dit logies dat daar ‘n direkte verband is tussen gebed en genesing. Want gebed roep God nader en met Jesus se teenwoordigheid kan enige ding in die oë gekyk word – wat dit ook al sou kon wees.

Hierdie episode met die kind praat alle kante toe: ek is die een wat Jesus as die towenaar wil sien wat alles moet regmaak, ek is die kind wat daar lê; ek is die pa wat vra vir God se sagte ingrype; ek is die dissipel wat nie kan nie… ek is die kind wat opgetel word; ek is die pa wat my kind terugkry; ek is die dissipel wat leer, verstaan en dan kan!

- Ek is die een vir wie Jesus die opdrag gee om genesing deur gebed te roep; om God te laat opdaag en hoop te bring! Ek moet dit doen!

Wat maak jy in die Naam van Jesus met die mense wat jy sien wat seergekry het en in die vuur val omdat hulle nie meer kan nie? Wat maak jy met die pa’s wat in jou oë kyk en hulpeloos vra dat jy hom moet help? Want daar is baie stukkende kinders en moedelose pa’s rondom ons en hulle is moeg vir ‘n “miskien” antwoord – hulle wil sien hoe Jesus opdaag en dinge verander. En jy as Jesus se dissipel moet dit doen.

- As jy niks doen nie, is jy die Skrifgeleerde wat met slim stories met Jesus wil redeneer en jy het nog nooit gesien wat die krag is as Jesus opdaag nie. Jou gebedslewe is waarskynlik van so ‘n aard dat dit maar ‘n woordjie-hier-en-‘n-woordjie-daar met God is: niks word regtig gesê nie en niks gebeur ook regtig nie.

Wat is jou kind wat vandag in die vuur wil val? Baie goed kan opgenoem word - miskien is dit skuldgevoelens, sonde wat nie verby wil gaan nie, vernedering oor wat gebeur het, bekommernis oor jou eie kind, geld wat nie meer al die gate kan toemaak nie… Konfronteer hierdie goed met Jesus se teenwoordigheid en spreek God se krag oor dit uit! Want gebed bring genesing – altyd! In die woorde van Hosea 0:12: “Dit is nou die tyd om na My wil te vra sodat Ek kan kom en my goeie dinge oor julle kan uitgiet.”

Mag jy dit so beleef.
Amen
(Gebedseminaar)